VERLOËNINGSGEBEDE: PROSTITUSIE, HOEREERDERY, en AFGODERY

Efesieers 6:10-11, 18 "10 Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. 11 Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. 18 Terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees, en juis daartoe waak met alle volharding en smeking vir al die heiliges ..."

Amanda Buys se Geestelike Dekking

Hierdie is ‘n produk deur *Kanaän Bedieninge*, ‘n nie-winsgewende bediening onder die dekking van:

- Roly, haar eggenoot vir meer as 35 jaar.

- *River of Life Family Church*
  Pastoor Edward Gibbens
  Vanderbijlpark
  Suid-Afrika
  Tel: +27 16 982 3022
  Faks: +27 16 982 2566
  E-pos: sharmain@rolfc.co.za

Daar is geen kopiereg op hierdie materiaal nie. Geen gedeelte van hierdie materiaal mag egter gereproduseer en/of aangebied word vir **persoonlike** gewin nie. Alle regte van hierdie materiaal word voorbehou om die Koninkryk van die Here Jesus Christus **ALLEENLIK** te bevorder.

Vir verdere inligting of die plaas van ‘n bestelling, kontak ons asb. by:

Posbus 15253
Panorama
7506
Kaapstad
Suid-Afrika

John Vorsterrylaan 27
Plattekloof Uitbr. 1
Panorama 7500
Kaapstad
Suid-Afrika

Tel.: +27 (0) 21 930 7577
Faks: 086 681 9458
E-pos: kanaan@iafrica.com
Webblad: www.kanaanministries.org
Kantoorure: Maandae tot Vrydae, 9 VM – 3 NM

Kanaan In Europa

Webblad: www.eu.kanaanministries.org

contents

Voorwoord ... 3

Verklaring van vertroue in GOD se Beskerming ... 6

Afseel-gebed prostitusie, hoereerdery, en afgodery ... 7

Afseël na Bevryding (vir die berader) ... 16

Voorwoord

Hierdie gebede is opgestel soos sekere aspekte vir ons persoonlik duidelik geword het in die Woord van GOD en uit ondervinding wat ons opgedoen het in die beradingskamer.

Ons wil geensins hiermee diskrimineer teen enige persone, organisasies en/ of politieke partye nie en ons vra ook dat U hierdie boek uit hierdie hoek sal benader.

Wat beteken dit om iets te verloën?

Dit beteken om persoonlike verantwoordelikheid te neem oor iets uit jou verlede en om self hierdie saak aan te spreek en te verwerp. Jy sal nodig hê om die wortel van die saak te gaan navors en dit by sy oorsprong te gaan vernietig en af te sny. Jy weier om enige verdere erkenning daaraan te gee. Deur die oorwinning wat Y'shua[1] (Jesus) aan die kruis behaal het, kan ek in Sy Naam en deur die Krag van Sy Bloed weier dat enige vloek verdere effek op my lewe het. Die vloek word deur Y'shua (Jesus) se Bloed letterlik gekanselleer**.**

Sy Woord sê:

Spreuke 28:13 *"Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind."*

Ons het gesien hoedat mense bevry word van afgodery en demoniese verbonde waarvan hulle selfs onbewus was, nadat hulle dit bely het en om vergifnis gevra het en weggedraai het daarvan. Ons ervaar hierdie afgodery en demoniese verbonde as 'n aanval teen die Liggaam van Christus.

---

[1] *Y'shua* (Hebreeus) is Jesus se regte naam wat beteken "REDDING"- wat beteken: bevryding, redding, veiligheid, welsyn. Ons het geen probleem met die naam "Jesus" nie - dit is bloot die Griekse transliterasie van "Y'shua". Jesus is die naam waarmee die meeste van ons groot geword het. Onthou tog dat Y'shua was 'n Jood van die Stam van Judah, nie 'n Griek nie. Dit gaan min of meer so ... wanneer jy iemand se regte naam ken dan wil jy dit gebruik, daarom gebruik ons *Y'shua* in plaas van Jesus. Nog 'n baie sterk rede om *Y'shua* te gebruik is dat elke keer wat jy Sy Naam sê, proklameer jy die woord "REDDING". Jy sal ook oplet dat in sekere plekke gebruik ons die regte Naam van die VADER, YHVH. Die Naam word opgemaak deur die Hebreeuse letters, **Y**od-**H**ey-**V**av-**H**ey, en word algemeen uitgespreek as "Yahweh" of "Jehovah". Ons herhaal deur te sê ons het gekies om hierdie Naam te gebruik omdat YHVH is die VADER se regte Naam.

2 Kor.4:2 *"Maar ons het van die heimlike dinge wat skandelik is, afstand gedoen, en ons wandel nie in listigheid of vervals die Woord van GOD nie; maar deur die waarheid aan die lig te bring, beveel ons ons by elke menslike gewete voor GOD aan."*

Y'shua (Jesus) roep ons om aktief te soek na vryheid en heling — ten spyte van ons gebrokenheid.

GOD se WOORD belowe ons:

Jes: 54:17 *"Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here."*

Riglyne om die afseelgebede te gebruik ...

Jakobus lig dit vir ons uit dat daar twee stappe is om van binding bevry te word:

Jak 4:7 *"Onderwerp julle dan aan GOD; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug."*

Hierdie twee stappe behels:

1. Belydenis van jou betrokkenheid (al was dit onaktief).

Dit is verkieslik dat daar twee getuies, waarvan die een 'n opgeleide berader moet wees, teenwoordig is wanneer hierdie gebede gedoen word. Die getuies staan saam en getuig saam met die persoon wat bevryding wil ontvang. Hierdie gebede is ook proklamasies en ons wil jou aanmoedig om dit openlik en in geloof te doen, onder die beskerming van die Bloed van Y'shua (Jesus).

Jak: 5:16 *"Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag."*

Jy het nou net die eerste gedeelte van die gebede gehanteer. Die volgende is van kardinale belang en dit is waarom dit so belangrik is dat 'n opgeleide berader teenwoordig is.

2. Oorlogvoering ... staan op teen die vyand.

Soos wat die Heilige Gees dan tydens die gebede sekere waarhede uitlig, tree die berader nou saam met die betrokke persoon op en begin met geestelike oorlogvoering — vandaar ons gevoel dat dit belangrik is dat daar 'n opgeleide berader betrokke moet wees.

Met die skryf van die gebede het ons sekere belangrike woorde uitgelig, soos die betrokkenheid van die magte van die duisternis — dit is baie belangrik dat dit spesifiek gehanteer moet word.

Hierdie magte word tereggewys, uit die bloedlyn verwyder en na die Voete van Y'shua (Jesus) gestuur. Onhou om die persoon los te sny van mensgemaakte wette en van instellings en betrokke organisasies.

Onthou, hierdie gebede is slegs riglyne. As daar konsepte of afdelings is wat die Heilige Gees vir jou uitlig wanneer jy bid, wil ons jou aanmoedig om die Heilige Gees te vra om jou te lei vir die deurbraak.

Onthou **HY** is ons Volmaakte Leermeester en Berader.

Ps: 110:1 *"Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my Regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n Voetbank vir U Voete."*

Hebr: 1:13 *"En aan watter van die engele het Hy ooit gese: Sit aan My Regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n Voetbank van U Voete?"*

Hebr.10:13 *"Maar Hy…wag nou verder totdat sy vyande gemaak is 'n Voetbank van Sy Voete."*

3. Restourasie met die Koninkryk van GOD.

Ten slotte en uiters belangrik moet die persoon aangemoedig word om hom/ haar aan die Wet van die Messias te verbind en daaraan gehoorsaam te lewe.

Galásiërs 3:10 *"Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie."*

Ons sluit af deur U te seën met GOD se Woorde:

Mag Hy jou SKILD, jou LIG, jou VREDE (shalom) wees. Mag Hy jou in alles oorwinning gee, en mag jy sy weë ken en SH'MA[2] (luister en doen)!

Sy seën oor jou toegebid!

[2] Vir verdere studie raadpleeg die artikel ***"Sh'ma — A Heraic Concept That Everyone Can Embrace"*** deur Willieam G Bullock, sr. Beskikbaar op die webwerf.

Verklaring[3] van **vertroue** in **GOD se Beskerming** …

Geen wapen teen ons gesmee sal stand hou nie en elke tong wat teen ons opstaan in oordeel, veroordeel ons. Dit is ons erfdeel as diensknegte van die Here en ons geregtigheid is van U, O Here van die Leërskare. Diegene wat teen ons gepraat of gebid het, of probeer het om ons skade of boosheid aan te doen, of wat ons verwerp het, vergewe ons, en ons seën hulle in die Naam van die Here

Matthew 5:43-45 *"43 Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. 44 Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; 45 Sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges."*

Romans 12:14 *"14 Seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie;"*

Nou verklaar ons, o Here, dat U alleen ons GOD is, en dat daar buiten U, geen ander is nie — 'n regverdige GOD en Redder, die Vader, die Seun en die Gees — en ons aanbid U!

Ons onderwerp onsself opnuut aan U op hierdie dag in onvoorwaardelike gehoorsaamheid. Nadat ons ons aan U onderwerp het, Here, doen ons soos U Woord voorskryf. Ons weerstaan die duiwel: al sy druk, aanvalle en misleidings, elke instrument of agent wat hy teen ons probeer gebruik. Ons onderwerp ons nie aan hom nie! Ons weerstaan hom, dryf hom van ons af weg en sluit hom uit van ons, in die Naam van Jesus. Spesifiek verwerp en weerstaan ons enige siekte, pyn, infeksie, inflammasie, kwaadaardighede, allergieë, virusse en enige vorm van toordery.

Laastens Here, dank ons U dat deur die offer van Jesus aan die kruis, ons nou nie meer onder die vloek is nie, maar ingegaan het onder die seën van Abraham, wie U seën in alle dinge — verhoging, gesondheid, voortplanting, voorspoed, oorwinning en GOD se guns.

Galatians 3:13-14 *"13 Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word — want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang — sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang."*

AMEN!

[3] Original English version written by Derek and Ruth Prince

Afseel-gebed Prostitusie, Hoereerdery, en Afgodery

Vader ons kom voor U in totale afhanklikheid en ons vra dat U vir ons die sonde van prostitusie, hoereerdery en afgodery in ons voorgeslagte openbaar.

Ons kies om rein en heilig te lewe met U, en slegs met U hulp kan ons daarin begin wandel. Die vrees van die Here is die beginsel van wysheid en ons verklaar dat niks teen U waarheid kan staan nie en dat die waarheid ons sal vrymaak.

Vader help ons om die vrug van prostitusie en hoereerdery te verstaan en hoe dit ons voorgeslagte beinvloed het. Maak ons oe oop dat ons die sonde kan identifiseer en bely, sodat dit aan die lig kom en ons totaal daarvan bevry kan word.

Vader, ons kies om die immoraliteit in ons voorgeslagte se wortels te identifiseer, sodat ons daarvan bevry kan word. Dankie dat ons dit kan doen deur die outoriteit wat ons verkry het deur U oorwinning aan die kruis. Ons kom kanselleer nou met hierdie outoriteit in die naam van Y'shua (Jesus) alle patrone en siklusse van prostitusie en afgodery in ons voorgeslagte.

Ons vra vergifnis dat ons U Verbond wat U ingestel het oor die huwelik, verbreek het. Vergewe ons asb vir ons rebellie, hardkoppigheid en weerstandigheid oor U voorskrifte vir hierdie Verbond. Ons erken dat dit vernietiging in ons familie veroorsaak het.

Vader, vergewe ons vir al die buite-egtelike verhoudings in ons familie. Ons stem saam met U Woord dat dit 'n gruwel is voor U. Ons vra vergifnis en bely in die Naam van Y'shua (Jesus) alle ontrouheid, oneerlikheid, verraad en gebroke verhoudings, wat gelei het tot die verbreking van hierdie Verbond.

Ons vra dat U asseblief hierdie boom van prostitusie en hoereerdery met wortel en tak uit ons familie verwyder, dat U die vrug en die saad van hierdie boom sal vervloek, soos Y'shua (Jesus) die vyeboom vervloek het. Ons bring alle wanhoop, vernietiging, hopeloosheid,alleenheid en diepe depressie voor U en vra dat U ons sal help om hierdie vestings af te breek in ons liggaam, siel en gees.

As daar areas in die geestesrealm is waar ons familie nog soos slawe gevange gehou word, vra ek dat U in die naam van Y'shua (Jesus) hierdie plekke sal vernieting. Vernietig asseblief MET U VUUR hierdie kettings en bindings wat ons vir geslagte lank gebind het.

Ons bring verlies van eer, waardigheid en respek in ons familie voor U. Vader, genees ons gebrokenheid. In die Naam van Y'shua (Jesus) verbreek ons hierdie vloek en ons vra dat U ons Goddelike erfenis sal herstel. U beloof in U Woord dat U ons dubbeld sal vergoed.

Ons vra vergifnis vir die aanbidding van Gode van vrugbaarheid en vra dat U dit sal kanselleer.Ons sny onsself los van alle aanbidding wat gegee is aan: Astarte – “Jezebel Queen of heaven”, die godin van die sterre, die godin van vrugbaarheid en die godin van Venus. Ons sny in die naam van Y’shua (Jesus) die naelstring wat ons aan hulle verbind af en ons sny die borste af wat ons deur die generasies gekoester het.

Ons vernietig in die naam van Y’shua (Jesus) elke altaar en afgod aan hierdie gode en ons vra dat God dit met sy vuur kom vernietig. Ons vernietig die eier van vrugbaarheid en die goue eier met U hamer. Sny ons los van alle koorde met Astarte en Baal in die geestes realm. Ons sny ons los van elke hemelliggaam waardeur hierdie twee gode groot demoniese kragte van bloedskande en prostitusie losgelaat het. Vergewe ons vir elke keer dat ons toegelaat het dat hulle ons beinvloed.

Ons neem outoriteit oor die reproduktiewe vermoens van Baal en Astarte en ons sny ons los van heksery en duistere werke van die gees van die Antichris en Jesebel in ons voorgeslagte.

Ons sny die aanbidding af wat gebring is aan die godin van liefde en die god van oorlog – Venus en Mars. Vergewe ons voorgeslagte in die naam van Y’shua (Jesus) vir die aanbidding van haat en wellus.

Ons bely en vra vergifnis vir alle okkultiese wellus en verleiding wat ons beroof het om ware liefde te beleef en te ervaar. Genees ons asseblief, Vader! U het die huwelik ingestel sodat ons eenheid en reinheid in hierdie verbond kan ervaar.

Ons verwerp Baal as:

- Die gewer en bron van lewe.
- Die god van reen.
- Die stort van manlike saad.
- Die god van Mars – oorlog en die vals kryger.
- My Vader.
- Die gewer van lewe – selfs al was my bevrugting okkulties.

In die Naam van Y’shua (Jesus) neem ek die hamer van U Woord en vernietig alle demoniese fondasies in my lewe en ek vra U, Vader, om my te reining van die okkultiese roeping van prostituut. Ek verwerp die okkultiese roeping wat ek deur my bloedlyn ontvang het.

Mans:

Vader, in die Naam van Y'shua (Jesus) verwerp ek die roeping van vals kryger en soldaat vir Baal. Ek bely en verwerp alle taktiek en tegnieke , wapens en wapenrusting wat ek in die gees van Baal ontvang het. Verwyder dit asseblief en vernietig dit met U vuur.

In die Naam van Y'shua (Jesus) kom sny ons ons los van die bul – die simbool van Baal. Ons neem ons outoriteit oor hierdie krag weer op. Ons verwerp die vernietigende effek wat die bul in ons gesin en familie se lewens veroorsaak het.

Ons kanselleer in die naam van Y'shua (Jesus) elke vals profetiese woord wat geprogrammeer is in die hemele en ons proklameer die bloed van Y'shua (Jesus) oor elke hemelliggaam en die heelal met sy siklusse. Ons vra dat U al ons paaie sal reinig in die Naam van Y'Shua. Ons verklaar dat die stem van die vyand stil gemaak is.

Indien daar deur my voorvaders enige programmering in die hemele gemaak is of geskryf is in die planete en sterre en konstellasies wat teen my staan as gevolg van 'n ooreenkoms met die fertiliteits kultusse, vernietig dit asseblief met die Bloed van die Lam.

Ons beveel hierdie hemelliggame om te rebelleer teen die okkultiese aktiwiteite en om te weier om verder deur Satan gebruik te word. Ons profeteer oor hulle om soos Debora saam met die God van Israel te veg teen Satan en sy magte.(Rigters)

Vader, maak asseblief die stemme van my verlede stil en sny my los van enige bande wat my wil terugtrek in hierdie leefstyl.

Vader, vergewe ons dat ons en ons voorvaders onsself in die strik laat vang het deur hierdie gode van vrugbaarheid te aanbid en te dien. Vergewe ons dat ons nie U wette en U Woord gehoorsaam het nie.

Vergewe ons in die Naam van Y'shua (Jesus) vir: **Dubbelslagtigheid, sodomie, lesbisiteit, afgodery, prostitusie en transseksuele** aktiwiteit, sowel as vir **buite egtelike verhoudings, bloedskande, seksuele wandade, owerspel en wellus.** Vader, ons vra dat U die vloek van **vernietiging, warboel en angs** wat vir generasies in ons bloedlyn was, sal vernietig in die Naam van Y'shua.

Die Unicorn: (eenhoring)

Vader vergewe ons vir die aanbidding van die Babiloniese simbool van die wit Unicorn, ons verwerp hierdie vals gees van reinheid in die Naam van Y'Shua.

Ons verklaar dat ons nie langer deur hierdie vals gees gebonde gehou sal word nie en dat ons sal wandel as gereinigdes van die Lewende God.

In die Naam van Y'shua (Jesus) verwerp ons die vals maagdelike dogter van Babilon. Ons verwerp die vloek van Babilon waarmee ons valslik ons reinheid sou verloor.Ons verwerp die vals krag van die horing van die eenhoring, wat reinheid vernietig.

Ons verwerp en bind die vals krag van die koning van immoraliteit, wat my vasketting aan Babilon. In die Naam van Y'shua (Jesus) verbreek ons die vloek van vernietiging en dood oor ons en ons kinders, wat oor ons gekom het as gevolg van immoraliteit. (Op.2:23)

Vader, maagdelikheid en verkragting het gesteel in ons voorgeslagte en ons is daardeur gebonde aan Babilon. Ons verwerp hierdie vernietiging wat van die Unicorn af kom. Vader, in die Naam van Y'shua (Jesus) verbreek ons die vloek van vernietiging en dood wat in die lewens van ons kinders ingekom het as gevolg van seksuele immoraliteit.

Vader, waar maagdelikheid gesteel en verwoes is in die voorgeslagte, kom tree ons in en vra dat U hierdie vloek van verwoesting sal kanselleer. Met die outoriteit en mag wat U vir ons, U kinders gegee het, kanselleer ons hierdie vloek van Amos 7.17 van seuns en dogters wat sterf deur die swaard en van verwoesting en verdeling van ons land.

Ons verklaar dat ons erfenis is om seeninge van God te ontvang deur Jesus Christus. Vader, ons kanselleer die vloek van kragteloosheid wat deur die sonde van prostitusie en aanbidding van vals gode gekom het.

Ons bely die vloek van verlies aan maagdelikheid en reinheid. Ons neem die Swaard van U outoriteit op, soos Pineas, en verklaar die einde van die werke van prostitusie in ons en in ons geliefdes.

Vader, voor U verwerp ons die kragte van verleiding, kullery en uitlokking wat ons van Satan ontvang het. Ons neem verantwoordelikheid vir die nagevolge van prostitusie, maar nou neem ons die Swaard van die Gees op in ons outoriteit in die Naam van Y'Shua:

- Ons verbreek die vloek van terugval en louheid agv die gode van prostitusie in ons voorgeslagte.
- Die vloek van verlies van intimiteit met U, ons God.
- Die vloek van honger en die vloek van ontevredenheid.
- Die vloek van skaamte.
- Die vloek van vernietiging van ons lande en huise.
- Die vloek van vernietinging en verlies van klere, juwele en silwer.
- Die vloek van vernietiging en dood.

- Die vloek dat ons kinders as vreemdelinge gebore word.
- Die vloek van pyn en lyding in ons liggame

Ons bely die demoniese gawe van leuens en verdraaing van die waarheid wat met prostitusie ingekom het. Ons bely geestelike en fisiese bloedskande in ons familie wat op Baal- en Astarte-diens gegrond is.Ons bely hierdie sonde en vra dat U ons sal reining en vergewe.

Ons bely en verwerp die Babiloniese orde van:

- Vader/dogter.
- Moeder/seun.
- Broer/suster.

Verkeerde verhoudings met ons kinders -- in die fisiese sowel as in die geestelike realm. Ons verklaar dat dit in die naam van Y'shua (Jesus) afgesny is. Ons bely die gebruik van verleidelike woorde waarmee ons nette en wippe gestel het om mense se lewens te verwoes.

Vader, bring asseblief die werke van jaloesie wat uit prostitusie spruit aan die lig en vernietig dit uit ons lewens in die Naam van Y'Shua. Vergewe ons vir gedagtes en begeertes na ander se lewensmaats. Vernietig dit asseblief met wortel en tak uit ons lewens, in die Naam van Y'Shua.

Jaloesie:

Ons bely die neerdrukkende sonde van jaloesie – dit kom van Satan af, wat die eer wil he wat God toekom. Vader, ons vra U om hierdie sonde wortel en tak uit ons familie te verwyder.

Ek bring elke antieke verbond wat in ons voorgeslagte of andersins met Satan gemaak is namens my, wetend of onwetend, voor U. Ons erken dat dit vrywillig gedoen is om demoniese beskerming vir ons persoonlike lewens en vir ons familie te gee.

Ons verklaar dat elkeen van hierdie verbonde onderworpe is aan U hoer gesag van die heelal. Ons pleit by die Regverdige Regter van die heelal op grond daarvan dat hierdie verbonde nie regverdig en waar is volgens die Hoer Gesag wat God ingestel het nie . Ons pleit voor U dat u dit vernietig op grond daarvan dat dit in direkte teenstelling met U Woord en U Wet staan.

Vader, ons dank U dat U nou hierdie beskerming wat die demone geniet het, vernietig. Ons verklaar nou dat die verbonde en verbintenisse van demoniese beskerming wat nie van U was nie, nou deur U vernietig is, Vader, God van die Heelal.

Ons verklaar dat ons as individue gekies het om in ‘n bloed verbond met U te staan. Hierdie verbond verberg en oorskadu enige ander verbond, of ooreenkoms of beskerming van Satan.

Ons neem die hamer van U Woord en vernietig in die naam van Y’shua (Jesus) die troon en beeld van Jaloesie wat in ons gedagtes en in ons harte was. Ons bind hierdie kragte en ons stuur dit na die voetbank van Y’Shua.

Ons bely, in die Naam van Y’Shua, die gees wat veroorsaak het dat ons ons kinders en ons huweliksmaats liefdeloos behandel het (selfs met haat), wat kom van hierdie gees van prostitusie. Ons vra dat U ons sal vergewe vir elke gemene daad wat ons teen ons kinders en ons huweliksmaats uitgevoer het. Vader, genees asseblief hierdie wonde. Ons vra dat U Heilige Gees kragtig sal kom en volkome alles sal herstel in hierdie liefdesverbond met ons kinders en huweliksmaats, asook in ons eie harte.

Vader, kom wys asseblief vir my as daar enige ander geestelike bloedskande is wat my verhouding met my kinders en my huweliksmaat kan beinvloed. Ek wil dit herken en bely sodat ek die houvas daarvan kan vernietig. In die Naam van Y’shua (Jesus) verbreek ek die eed van stilte, geheimhouding en ontkenning oor ons familie. Ek kies om in die Lig van die Waarheid voort te gaan.

Jesebel:

Vader, ons verwerp en bely vals aanbidding van hierdie godin, die halfmaan en die twaalf sterre.

Ons bely alle bevrugting wat plaasgevind het tydens siklusse van die maan en die sterre. Ons bely en verwerp die Babiloniese fondasises van vals maagdelikheid wat huwelike verbied en ede van onthouding aanmoedig.

Ons bely die familiesonde van:

- Verbied van huwelike.
- Verbied om in die huwelik te tree met een wat ek liefhet.
- Vloek van verbod op ‘n huwelik.

Ons bely die opsigtelike of verbode sonde van ons familie van teenkanting teen huwelike.

Ons vra vergifnis vir die vloek van bloedskande in ons familie wat groot teenkanting teen huwelike as gevolg gehad het. Ons vra dat U in die naam van Y’shua (Jesus) enige blokkasie wat daar by die eenwording in die huwelik was, sal verwyder.

Ons bring die wynstok en giftige suiers van die rankers van die moeder-en-kind gode voor U. Ons vernietig elke band en ook alle eer wat ons aan hierdie gees van die antichris gegee het.

Vader, ons bely die besoedeling van ons familie met die drink van die wyn. Hierdie is die wynstok van immoraliteit en dit is deel van die Babiloniese wortels in ons familie. Die beker is:

- Die beker van Jesebel.
- Die beker van kranksinnigheid.
- Die beker van die dood.
- Die Babiloniese Nagmaal.

Ons verwerp en bely die giftige suiers van die rankplant wat spruit uit ons Babiloniese wortels.

- Vergiftiging van ons reputasie.
- Vergiftiging van die verbond van ons huwelike.
- Infiltrasie van die giftige suiers van die rankplant in ons huwelike wat aan U gewy moes wees.

Ons bely dat ons van die beker van vernietiging van Jesebel gedrink het. Vader, ons verwerp die vals krag van die godin van die Sidoniers, die vals profetes wat verbonde is aan die vals profete van hoereerdery, prostitusie en bloedskande. Ons verwerp die vloek van martelaarskap wat deur hoereerdery en vrugbaarheids-kultusse ingekom het.

As ons die oorsaak van martelaarskap of die dood van ‘n ware profeet was, bely ons dit voor U. Ons vra dat U in die naam van Y’shua (Jesus) hulle bloed wat teen ons uitroep en getuig, sal stilmaak. Dankie Vader dat die bloed van U Seun, Y’shua (Jesus) die finale woord oor ons lewens het.

Ons verklaar nou in die naam van Y’shua (Jesus) dat ons U ambassadeurs is, gereinig is en vergewe is en dat ons nie meer deur Jesebel gemartel kan word nie.

In die Gees en die krag van Elia wil ons opstaan en die vals profeet, die vals koning en die vals priester konfronteer. Ons is bereid om vreesloos op te staan in die Naam van Y’shua (Jesus) en die prys te betaal. Ons kies om vrugbaarheids-kultusse, bloedskande en buite-egtelike verhoudings openbaar te maak, soos wat Johannes die Doper gedoen het.

Ons bely en vra vergifnis vir:

- Die onthoofding van die profeet.

- Die onthoofding van die profeet wat deur God in die amp aangestel is.
- Die vernietiging van die hoof van ‘n bediening.
- Die vernietiging van die hoof van die huis en die huwelik.

Ons verklaar nou aan die geestesrealm dat die amp van die profeet nie afgesny sal word nie en dat daar geen marteling van die aangestelde profeet van God sal wees deur hoereerdery nie.

Ons bely dat hoereerdery oorgeneem het en kom verwerp dit nou. Vergewe ons in Y’shua (Jesus) se naam vir enige sameswering, moord en marteling. Ons bely die vals koning in ons bloedlyn wat die ware profeet, koning en priester vermoor het en totale vernietinging in ons lewens en besittings en finansies veroorsaak het.

Vader, ons vra dat u met die bloed van Y’shua (Jesus) die vals koning en koningin van hoereerdery uit ons familie se stamboom verwyder. Ons verwerp en bely dat ons deel was van Babiloniese rituele en feeste van Johannes die Doper, die mid-somer vure en die wit perd van Babilon wat deur die vuur gaan.

Ons bely en verwerp die vuur van Moleg en die viering van Johannes die Doper, asook rituele met musiek waarmee ons moord en verwoesting verklaar. Ons bely die “chanting” en vals musiek en die lof en aanbidding aan die songod van Babilon. Ons bely ook die Babiloniese musiekfeeste wat ‘n geweldige hindernis is in die werk van die Heilige Gees.

Ons bely die vals vuur en die vals aanbidding aan Babilon en ons vra U, Vader, om dit asseblief uit ons lewens te verwyder.

Ons bely die werke van Jesebel:

- Ons verklaar dat ons nie meer hierdie werke in ons lewens gaan duld nie.
- Ons sal nie meer as gevolg van onvermoee om te bely, deur hierdie woelinge omver gewerp word nie.

In die Naam van Jesus Christus van Nasaret verklaar ek aan die geestesrealm dat my liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees is en nie ‘n tempel van hoereerdery of prostitusie nie; dit sal ‘n tempel van die Heilige God wees en die glorie van die Almagtige God wat die hemel en die aarde geskape het sal in my gesetel wees.

AMEN!

Afseël na Bevryding (vir die berader) ...

Hemelse Vader,

Dankie vir die werk wat vandag hier gedoen is. Ons bid teen enige sweepslag, terugslag of oordeel van die vyand, in Y'shua (Jesus) Naam.

Ons vra U, Here, dat U enige ongoddelike gees en sielsbande sal sny wat gevorm is a.g.v. hierdie bevryding wat plaasgevind het; ook enige oordraging wat plaasgevind het tussen hul gees, siel en liggaam na my gees, siel en liggaam. Ons plant die Kruis van Jesus Christus tussen myself en die kliënt. Ons dank U dat geen oordraging sal kan plaasvind nie. Ons neem nou omvattende versekering uit vir ons gesinne, alle verhoudinge sowel as alle besittings.

Ons vra dat U hierdie eiendom en hierdie vertrek sal reinig en skoonmaak met die Bloed van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret en U Heilige Vuur, sodat geen demoon homself kan koppel aan enige voorwerp nie, en dat alle mensgeeste en gestorwe mensgeeste verwyder word deur U Geleide Engele na die Voetbank van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus). Ek vra dat alle besoedeling verwyder sal word en weggevee sal word met U Besem van verdelging in Y'shua (Jesus) Naam.

Vader, ons vra dat U enige waghond- en merker demone wat aangestel is deur die koninkryk van duisternis om die eiendom te merk in die gees vir ‘n teenaanval deur astrale projeksie, sal verwyder en plaas onder die Voete van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus).

Ons wil ook die Heerskappy van Yeshua HaMashiach (Jesus Christus) van Nasaret verklaar oor hierdie plek en dat alle openinge afgeseël sal word deur U Bloed. *(Openinge soos: Telefoon, faks, rekenaar, water, riolering, elektrisiteit.)*

AMEN!

Let wel: Onthou om voor die Here te gaan en jouself te stort met die Water van die Woord en in lofprysing en aanbidding te gaan en jouself weer te vul (sien lering oor Mikvah J2F4).

Ter afsluiting, nadat al die vloeke mee gedeel is en gebreek is, is dit baie belangrik om nou die gapings te vul met **SEËNINGE** ... ons wil alle vaders aanmoedig om hierdie roeping ernstig op te neem, en om hulle gesinne te begin SEËN volgens die opdrag van die HERE dat die priesters sal seën met die volgende seëning:

Die Priesterlike Seëning ...

(Ons gaan die ENGELSE weergawe aanhaal omdat
dit meer korrek is volgens die Hebreeuse vertaling.)

Numbers 6:24-26

“24 The LORD bless thee, and keep thee:
25 The LORD make his face shine upon
thee, and be gracious unto thee: 26 The
LORD lift up his countenance upon thee,
and give thee peace.”

Die Priesterlike Seëning ...

Hebraic Translation[1]

"YHVH will kneel before you presenting gifts, and He will guard you with a hedge of protection, YHVH will illuminate the wholeness of His Being toward you, bringing order, and He will provide you with love, sustenance, and friendship, YHVH will lift up the wholeness of His Being and look upon you, and He will set in place all you need to be whole and complete."

---

*Translation by Jeff A. Benner, for more information, please see http://www.ancient-hebrew.org/12_blessing.html

The Priestly Blessing[1]

יְבָרֶכְךָ יְהוָה וְיִשְׁמְרֶךָ׃

and may he guard you the LORD may he bless you

May the LORD[2] bless you[3] and keep you[4]

יָאֵר יְהוָה פָּנָיו אֵלֶיךָ וִיחֻנֶּךָּ׃

and show you favor on you his face the LORD May he shine

May the LORD make His face[5] shine[6] upon you and be gracious[7] to you

יִשָּׂא יְהוָה פָּנָיו אֵלֶיךָ וְיָשֵׂם לְךָ שָׁלוֹם׃

peace for you and establish on you his face the LORD may he lift up

May the LORD lift up[8] his face to you and give you peace[9]

---

[1] This blessing is (ritually) recited (by the kohanim) during synagogue services during *Nesiat Kapayim* ("the Raising of the Hands"), though it is also recited over children on Friday night before the start of the Shabbat meal or as a bedtime blessing.

[2] The name *YHVH* (יהוה) represents God's attributes of love and mercy (מִדַּת הָרַחֲמִים), in contradistiction to the name *Elohim* (אֱלֹהִים), which represents God's attribute of justice and power as our Creator.

[3] בְּרָכָה (*b'rachah*). Jewish tradition considers this both material and spiritual prosperity. Pirkei Avot 3:15 says, "If there is no flour, there is no Torah," by which is meant that material benefits are intended to help you pursue study of Torah. The first occurrence of the word "blessing" in the Scriptures pertains to *pru urvu* (פְּרוּ וּרְבוּ), "be fruitful and multiply" (Gen. 1:22).

[4] שָׁמַר (*shamar*): To guard, protect, heed, as in the exercise of diligent care. Only God has the power to secure the conferred blessing and keep it from turning sour or from fading away.

[5] The word for "face" (פָּנִים) is plural with the 3rd person singular ending. It is considered metaphorical since God is incorporeal. The plural form is thought by some to indicate God's revealed and hidden attributes in creation.

[6] The hiphil verb (יָאֵר) comes from the word "light" (אוֹר), and is thought to refer to God's wisdom. "May God enlighten you" with His wisdom, i.e., the Divine Light that preceded the work of creation (Gen. 1:3).

[7] May God grant you grace or favor (חֵן), i.e., to understand the "breadth and length and height and depth" of God's love (Eph. 3:18). Grace refers to the bestowal of an undeserved gift. The blessing is bestowed even though unearned or unmerited.

[8] Since one's face is an indication of the heart's attitude, Rashi says that this means God will suppress His anger by "looking at you" (if God is angry at you, He "turns His face away" and refuses to admit your presence). The "lifting of face" also pictures God lifting you up as a father might lift up his child in joy. The "showing of face" indicates spiritual intimacy.

[9] All of the other blessings are useless without the establishment of inner peace, and therefore it is the seal of the blessing. Shalom (שָׁלוֹם) is not simply the absence of strife, but a balance and harmony between the finite and infinite, the temporal and the eternal, the material and the spiritual realms. Shalom is a gift from Sar Shalom (שַׂר שָׁלוֹם), the Prince of Peace.